HOËRSKOOL RANDBURG

SLAGGEREED

AKADEMIE ▪ SPORT ▪ KULTUUR

JAARVERSLAG 2014

ALGEMENE INLIGTING

LEERDERTAL : 10DE SKOOLDAG : 2014

	Seuns	Dogters	Totaal
Gr 8	89	72	161
Gr 9	66	65	131
Gr 10	69	82	151
Gr 11	71	69	140
Gr 12	67	67	134
Totaal	362	355	717

DIE VOLGENDE VAKKE WORD BY DIE SKOOL AANGEBIED

GRAAD 8 EN 9 : ALGEMENE OPVOEDING EN OPLEIDING (GET)

Die volgende leerareas, wat onderhewig is aan die voorskrifte van die Departement van Onderwys, word gevolg:

- Taal, Geletterdheid en Kommunikasie
- Wiskundige Geletterdheid en Wiskunde
- Natuurwetenskap
- Sosiale Wetenskap
- Tegnologie
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskap
- Kuns en Kultuur

Graad 9-leerders skryf psigometriese toetse ten einde die regte vakkeuse vir graad 10 te maak. Die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid verleen dan individuele hulp aan graad 9-leerders en hul ouers sodat hulle 'n ingeligte en verantwoordelike besluit kan neem.

GRAAD 10 TOT 12 : VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING (FET/VOO)

Leerders wat die VOO suksesvol voltooi, ontvang aan die einde van graad 12 'n sertifikaat. Hierdie VOO-sertifikaat is 'n vlak-4-kwalifikasie, soos bepaal deur die Nasionale Kwalifikasie-owerhede.

Die doel van die VOO is om:

- leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus om sinvol in die gemeenskap deel te neem;
- 'n betroubare en geloofwaardige basis te vorm vir verdere toelating tot hoër onderwys;
- werkgewers 'n realistiese profiel van die leerder se kennis, vaardighede en vermoë te gee.

Die VOO bestaan uit 'n fundamentele komponent en 'n kern- en keusekomponent:

FUNDAMENTEEL (Verpligtend)	• Afrikaans Huistaal • English Home Language of English First Additional Language • Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid • Lewensoriëntering
KERN & KEUSE Kuns & Kultuur: Sake, Handel & Bestuurstudies: Vervaardiging, Ingenieurs & Tegnologie Mens & Sosiale Studies & Tale Fisiese, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- & Landbouwetenskappe Na-uurse vakke	 • Ontwerp • Dramatiese Kunste • Musiek en Dans • Visuele Kunste • Rekeningkunde • Besigheidstudies • Ekonomie • Gasvryheidstudie • Toerisme • Ingenieursgrafika en -ontwerp • Siviele Tegnologie (gr 11 en 12) • Geografie • Rekenaartoepassingstegnologie • Inligtingstegnologie • Lewenswetenskappe • Fisiese Wetenskappe • Duits • Ontwerp • Musiek • Inligtingstegnologie • Rekenaartoepassingstegnologie • Ekonomie • Frans

SPORTSOORTE BY DIE SKOOL

Atletiek, hokkie, krieket, landloop, netbal, perdry, rugby, skaak, swem, tafeltennis en tennis. Ons leerders neem ook deel aan dans, hengel, karate, skiet, tae kwondo, bergfietsry ("adventure racing"), ens.

OP DIE VERHOOG VIND ONS

Koor, verhoogproduksies, drama-produksies, debat (Afr. & Eng.), redenaars (Afr. & Eng.), kunskompetisies & kunsuitstallings, skryfkompetisies, Eisteddfod, 'n kultuurfees vir almal, orkeste, sang en instrumentale musiek.

PERSONEEL-PROFIEL

Hoërskool Randburg se personeel bestaan uit 48 onderwysers, 1 opvoedkundige sielkundige, 6 musieksentrumpersoneel, 7 administratiewe personeel, 4 ondersteuningspersoneel en 16 algemene assistente.

Inligting van onderwysers is as volg:

Ouderdom (in jare):	<30	30 – 40	41 – 50	>50
	11	11	7	27

Totale aantal jare ondervinding:	1005

Totale aantal jare werksaam by Hoërskool Randburg:	589

Jare graad 12-onderwysondervinding	>30	20 – 30	10 – 20	<10
	5	9	8	28

Jare graad 12-nasienondervinding	>30	20 – 30	10 – 20	<10
	0	5	6	29

Hoofleiers:	8

DUX-leerders:	4

Provinsiale sportkleure:	23

Tersiêre Kwalifikasies:		
	Na-graadse Diploma (nie onderw)	5
	Diploma (onderwys)	30
	B-graad	42
	Hons. & B.Ed	22
	Meesters	4
	Doktersgraad	1

ONDERSTEUNERSGELEENTHEDE VIR OUERS:

- Hoërskool Randburg se ouers bedryf ondersteuneraksies in verskeie sport- en kultuuraktiwiteite wat fondse insamel vir die ondersteuning van skool-aktiwiteite, d.i. sport, kultuur & akademie. Sulke komitees word behoorlik gekonstitueer.
- Kwaliteitafrigters word met behulp van ouers vir A- en B-spanne voorsien.
- Toerusting word aangekoop en fasiliteite word uitgebrei en in stand gehou.

ONDERWYSHULPDIENS

Die volgende is van die dienste wat by die skool aangebied word:

- Vakbegeleiding
- Die skool doen intensiewe persoonstoetsing om leerders met vakkeuse te help.
- Beroepsleiding
- Berading vir onderpresteerders en druipelinge.
- Assessering van leerders met leerhindernisse.
- Opvoedkundige sielkundige voltyds in diens by die SAU.
- Leerfasilitering en leerverryking.
- Trauma hantering en verwysing soos nodig.

- Begeleiding van persone en verwysing soos nodig.

Die meeste van dié dienste word aangebied en bestuur vanuit die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

MATRIEKAFSKEID

Hierdie spogaand word op 4 Oktober 2014 deur 'n komitee van matriekouers gereël. Dié aand leef lank in die geheue van ons graad 12-leerders. 'n Eerste van twee leerders wie hul eie motor van karon gemaak het en daarmee gearriveer het.

OUERAANDE

Jaarliks word oueraande vir spesifieke grade gehou en ook vakaande waar ouers die geleentheid kry om vakonderwysers te besoek. Graad-oueraande word besonder goed bygewoon, terwyl algemene aande per afspraak plaasvind.

PERSONEEL WAT IN 2014 BY ONS BEGIN HET

- Jaco Engelbrecht
- Claire Smuts

PERSONEEL WAT ONS IN 2014 VERLAAT

- Linda Lindeque
- Veronica Kleynhans

DIE BEHEERLIGGAAM

Pieter Booysen, Elsa du Toit, Hein Hefer, Hettie Torlage, Chris Joubert, Marius Meyer, Marita Pietersen, Werner Simpson, Herman van Huyssteen, Stephan van Schalkwyk, Francois vd Berg, Gerhard Viljoen, André vd Merwe, Jessica Zaayman, Tony Knoetze, Willem Dirker, Yolandé Havinga, André Jooste, Pieter Wessels en Albert Zaayman en vanaf November 2014 André Jooste en Bea Erasmus.

STUDENTEFORUM VAN 2014

Senior-komponent (graad 12)

Hoofleiers: André vd Merwe en Jessica Zaayman
Simei Brits, Chanté Buys, Louis Coetzee, Jana de Lange, Alex du Plessis, Michelle du Plooy, Mathys Goosen, Gabrie Greeff, Sean Hulley, Tinika Joubert, Merida Kritzinger, Viani Kruger, Larry Lombard, Danielle Marais, Jancke Mentz, Tumi Letsoalo, Saramari Prins, Lucas Ramukhuvhathi, Francois Rossouw, Tiaan Swartz, James Thwane, Franco vd Berg, Elna vd Heever, Henré van Rooy, Juandré van Schalkwyk, Corlia van Wyk, Deirdre van Wyk en Simoné Walters.

Junior-komponent (graad 8 tot 12)

Gr 12A	Henrico van Huyssteen en Shevonne Moss
Gr 12B	Ricardo van Wyk en Esther Lategan
Gr 12C	Graeme Lubbe en Claudia de Wet
Gr12D	Wade Pretorius en Bianca du Preez
Gr 12E	Leroux Joubert en Alisha Reilly
Gr 11A	Vuyo Shongwe en Bea Erasmus
Gr 11B	Anrich Greyling en Chané Hattingh
Gr 11C	André Jooste en Suzahn Kriel
Gr 11D	André Meyer en Janine Janse van Rensburg
Gr 11E	Seymour Bothman en Carina Viljoen
Gr 10A	Erick Fourie en Carina Viljoen
Gr 10B	Hennie Honiball en Mariska Fourie
Gr 10C	Duan Bierman en Linda Terblanche
Gr 10D	McDonald vd Merwe en Joani Louw
Gr 10E	Daniël Venter en Zelda Spijkerman
Gr 9A	Thomas Prins en Marlé van Zyl
Gr 9B	Gert Kruger en Danielle van Tonder
Gr 9C	Ryno du Toit en Mia Oosthuizen
Gr 9D	Ryan Bantam en Mireille Groenewald
Gr 9E	Jaco Halvorsen en Melissa Kapp
Gr 8A	Aylmer Bothman en Danielle Ridgard
Gr 8B	Armin Grobbelaar en Leandri Le Roux
Gr 8C	TJ Janse van Rensburg en Su-Ané Greyling
Gr 8D	Philip Wiggett en Nicole Robertson
Gr 8E	Janu van Wyngaard en Retha Coetzee
Gr 8F	Martin Meyer en Stephanie vd Heever
Gr 8G	Ruben vd Berg en Aletia Burchell

2014 GRAADVOOGDE

Graad 12: Elize de Meillon, Lynette Walters, JP Olivier, Yolandé Havinga, Almarie van Huyssteen en Grethe van Zyl
Graad 11: Toelie Maritz en Ellenize Mans
Graad 10: Corlia d Villiers en Yvonne Coetzee
Graad 9: Santi vd Berg en Sandra d Bruin
Graad 8: Jannie vd Merwe en Lin Naudé

FINANSIES (2014)

Die finansiële posisie van Hoërskool Randburg gedurende 2014 was gesond. Hoewel die ekonomie ons ook gedruk het, was uitgawes binne begroting en het ons besparings sover moontlik probeer aangaan. Dankie aan alle ouers wat getrou hulle verpligtinge nagekom het. Teen die ouers wat geen reëlings met die Beheerliggaam getref het vir betaling van skoolgelde nie, moes daar noodgedwonge verdere stappe gedoen word. Die finansiële jaar het met 'n oorskot geëindig.

AKADEMIE 2014

MATRIEKUITSLAE NA HERMERKE

128 kandidate skryf in vir die Finale Nasionale Seniorsertifikaateksamen van November 2014 soos deur die GDO afgeneem. Almal slaag.

190 vakonderskeidings word behaal.

74.2% behaal vrystelling vir verdere graadstudies by universiteite terwyl al die kandididate vir verdere diploma-studies kwalifiseer.

AGT ONDERSKEIDINGS

ANDRÉ VAN DER MERWE

Afrikaans Huistaal	87%
Wiskunde	94%
Lewensoriëntering	94%
Rekeningkunde	85%
RTT	87%
Lewenswetenskappe	87%
Musiek	87%
Fisiese Wetenskappe	93%

SARAMARI PRINS

Afrikaans Huistaal	88%
Engels Huistaal	80%
Wiskunde	88%
Lewensoriëntering	94%
Rekeningkunde	83%
RTT	85%
Lewenswetenskappe	89%
Fisiese Wetenskappe	84%

SEWE ONDERSKEIDINGS

LOUIS COETZEE

Afrikaans Huistaal	92%
Engels Huistaal	84%
Wiskunde	93%
Lewensoriëntering	97%
Rekeningkunde	94%
Ekonomie	91%
Fisiese Wetenskappe	93%

DEIRDRE VAN WYK

Afrikaans Huistaal	85%
Engels 1ste Add Taal	81%
Wiskunde	88%
Lewensoriëntering	94%
RTT	84%
Lewenswetenskappe	83%
Fisiese Wetenskappe	82%

JANCKE MENTZ

Afrikaans Huistaal	87%
Wiskunde	91%
Lewensoriëntering	94%
Rekeningkunde	86%
RTT	88%
Lewenswetenskappe	84%
Fisiese Wetenskappe	83%

TIAAN SWARTZ

Afrikaans Huistaal	80%
Eng. 1ste Add. Taal	80%
Wiskunde	90%
Lewensoriëntering	92%
RTT	91%
IGO	85%
Fisiese Wetenskappe	87%

ELIZNA LE ROUX

Afrikaans Huistaal	80%
Eng Huistaal	81%
Wisk. Geletterdheid	92%
Lewensoriëntering	88%
RTT	81%
Ontwerp	90%
Visuele Kunste	87%

SES ONDERSKEIDINGS

GRAEME LUBBE

Afrikaans Huistaal	80%
Wiskunde	89%
Lewensoriëntering	91%
Rekeningkunde	80%
Lewenswetenskappe	88%
Fisiese Wetenskappe	89%

SIMONÉ WALTERS

Afrikaans Huistaal	84%
Wiskunde	81%
Lewensoriëntering	91%
Rekeningkunde	81%
Ekonomie	85%
Fisiese Wetenskappe	81%

LORELEY CAIRNS

Wiskunde	86%
Lewensoriëntering	83%
Ontwerp	85%
Geografie	83%
Fisiese Wetenskappe	86%
Visuele Kunste	88%

FRANCO VD BERG

Afrikaans Huistaal	83%
Engels Huistaal	84%
Lewensoriëntering	96%
Rekeningkunde	86%
Besigheidstudies	83%
Ekonomie	80%

JUANDRÉ V SCHALKWYK

Afrikaans Huistaal	80
Wiskunde	86%
Lewensoriëntering	92%
Rekeningkunde	85%
Besigheidstudies	81%
Ekonomie	80%

VYF ONDERSKEIDINGS

Chanté Buys en Alex du Plessis

VIER ONDERSKEIDINGS

Elmay Booysen, Claudia de Wet, Danielle Marais, Ellie Swanepoel, Elna van der Heever, Benita Trytsman en Jessica Zaayman

DRIE ONDERSKEIDINGS

Annique Cilliers, Leroux Joubert, Merida Kritzinger, Nicole Marren, Francois Rossouw, Rudolph Strydom, Esther Lategan, Henri van Rooy en Melissa Walters

AKADEMIESE REKORD VANAF 1996

Jaar	Kandi-date	Druipe- linge	Vry-stelling	% Vry-stelling	Aantal A-simbole	A-simbole per leerder	Individuele prestasies					
							10A's	9A's	8A's	7A's	6A's	5A's
1996	185	0	124	67.03	122	0.66					3	3
1997	179	1	93	51.96	123	0.69				1	3	5
1998	186	0	120	64.52	110	0.59					2	7
1999	212	0	121	57.08	135	0.64				3	2	2
2000	196	0	136	69.39	156	0.80				3	3	3
2001	231	0	179	77.49	274	1.19				1	3	8
2002	199	0	143	71.86	319	1.60			1	4	8	13
2003	197	0	117	59.39	282	1.43			1	5	8	4
2004	173	0	113	65.32	251	1.45			3	2	8	7
2005	171	0	112	65.50	286	1.67		1	2	7	8	6
2006	163	0	113	69.33	215	1.32				6	7	5
2007	175	2	120	68.57	170	0.97		1	0	4	5	3
2008	174	1	147	84.48	269	1.55		3	4	3	7	3
2009	154	0	124	80.52	262	1.70		0	2	5	5	8
2010	124	0	89	71.77	218	1.76		1	2	2	8	8
2011	107	0	77	71.96	146	1.36	1	2	1	1	3	2
2012	143	0	97	67.83	177	1.24	0	1	4	4	2	4
2013	141	2	110	78.01	244	1.73	0	4	2	3	3	5
2014	128	0	95	74.22	190	1.48	0	0	2	5	5	2
TOTAAL:	3238	6	2230	68.87	3949	1.22	1	13	24	59	93	98

UITSLAE VAN ANDER GRADE VIR 2014

Graad	Aantal	Druipelinge	Toppresteerders
8	159	6	Liam de Wet
9	128	7	Thomas Prins
10	159	3	Marisa von Maltitz
11	132	5	André Meyer

AKADEMIESE PRESTASIES : OLIMPIADES

- 17 graad 8 leerders, 4 graad 9's, 5 graad 10's en 2 graad 11-leerders het hulle breinkrag ingespan en soms hulle spiere gebult. 21 van dié slimkoppe het deurgedring na die tweede rondte.
- Hoërskool Randburg pak op 22 Augustus die Johannesburg-Noord Olimpiade in Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe aan.
- Die wenners van die Randburg Junior Wiskunde Kompetisie is Allen Marais en Werner Jansen (gr 8) en Armand Vlok en Louis Fourie (gr 9). Hulle het deelgeneem aan die Johannesburg-Noord-Streekkompetisie waar Allen Marais deurgedring het na die Provinsiale Kompetisie.

ROBOTIKA

- Hoërskool Randburg se eerste Robotika-klub is aan die gang. Hierdie klub fokus op die bou en programmering van lego-robotte o.l.v. Johan Benade van "Brickplay".

AKADEMIESE UITSTAPPIES

- Leerders van Hoërskool Randburg het tydens die wintervakansie 'n toer na Engeland onderneem. Die toerfokus was om universiteite te besoek ter blootstelling vir verdere studies. Oxford, Cambridge en Bath Universiteite sowel as die Londen "School of Economics" is besoek. Daar word be-oog om elke tweede jaar so 'n toer te reël.

UITRUILSTUDENTE

- Janique du Toit was 'n langermyn (1 jaar) uitruilstudent na Thailand.

OUDLEERDERS WAT OP AKADEMIESE GEBIED PRESTEER (2014)

- Liezl van Wyk ontvang die prys vir die beste neuro-anatomie-student van haar jaargroep van die Universiteit van Pretoria.
- Mnr. Daniël Wessel Rood – B.A. Et Scien in Stad- & Streek Bepl
- Mej. Yolandi Laubscher – B.Sc. in Toerisme
- Mnr. Georg Antony Bensusan – B.Sc. in Fisiese & Chemiese Wetenskappe
- Mej. Jaunti Violet Botha – B.Ed. in SNR & VOO
- Mej. Lorraine Botha – NGOS in SNR & VOO
- Mej. Heila Roodt – Hons. B.Com. in Geokt Rekenmeest
- Mnr. Paul DeWalt van der Merwe – Nagraadse Diploma in Bestuur
- Mnr. Robert David Wiggett – B.Ing. in Meganiese Ingenieurswese
- Mej. Suné van der Walt – Hons. B.A. in Kinderkinetika
- Mnr. Johan-Jacques van der Merwe – B.Sc. in Biologiese Wetenskappe
- Mej. Suzanne Hanekom – B.Sc. in Verbruikers-wetenskappe
- E Els - NDVK (Verpleegbest) (ITO)
- MM Hennes - M.Phil. (NB) (NR)
- JLER van Niekerk - Sasol BBOP
- LL Boonstra - Projekbestuur I
- D Botha - Hons.B. in Publ Admin. (ITO)
- K van Biljon - M.Th.
- M Kotze - Ph.D.
- J Hay - Hons.B.Sc.
- M Opperman - NG Dip (Teologie) (Christe Bedi)
- JE Barnard - Hons.B.Ed.
- CM de Bruyn - B.Com. (Rigt Bestuursrek)
- GB Lennox - B.Ing. (Bedryfsingenieurswese)
- H van Zyl - NOS
- L Smit - BA (Geesteswetenskappe)
- F Steinberg - B.Com.
- R van Rooyen - Hons.B.Com.

- JL Brannon - BA (Geesteswetenskappe)
- Me. Lize Meades – M.Sc in Voeding
- Franco du Plessis word aangewys as Student van die jaar by die Internasionale Universiteit van Genéve (IUG)

SPORT

NASIONALE DEELNAME EN SPRINGBOKKLEURE

- Jacques de Lange neem op 6 Februarie deel aan die "South African time trials"
- Silvio Cerone-Biagioni verower 'n eerste plek in die individuele- en span-item tydens die Karate Elite Internasionale en SA Ope en die Nasionale Kampioenskap.
- Larry Lombard, Vuyo Shongwe, Franco van den Berg, Jana van der Merwe en Carina Viljoen neem aan die SA Skole Atletiekkampioenskap deel.
- Ancke Botha, Larry Lombard, Carina Viljoen en Jana van der Merwe neem aan die Klub SA Atletiekkampioenskap deel.
- Larry Lombard, Jana van der Merwe en Carina Viljoen neem ook deel aan die Senior SA Atletiekkampioenskap.
- Ancke Botha, Divan Bruwer, Michelle Fouche en Elizna von Allemann neem aan die SA Veelkamp deel.
- Silvio Biagioni het by die "African Youth Games" 'n bronsmedalje vir 'n individuele item en 'n silwermedalje vir 'n span item ontvang.
- Chené Janse van Vuuren het tydens die Julie-vakansie aan die Internasionale Uithouritkompetisie deelgeneem. Sy het 201 km oor drie dae voltooi en 'n veertiende plek in die Junior-kategorie behaal.
- Larry Lombard is gekies om SA te verteenwoordig by die 2014 "Africa Union Sport Council Region 5 – under 20 Youth Games".
- Leana Meyer het Gauteng tydens die ritmiese gimanastiek by die SA Gimnastiek Federasie se nasionale kampioenskap verteenwoordig. Sy behaal 'n derde plek (hoepel-roetine), 'n tweede plek (bal-roetine) en 'n tweede plek (lintroetine). Hierdie uitstekende prestasies besorg haar die algehele tweede plek in Suid-Afrika vir Vlak 10 "Senior Olympic" en sy verower die silwermedalje.
- Allen Marais is gekies vir die Suid-Afrikaanse sone 6 Tuimelspan wat in Desember 2014 aan die Sone ses Tuimelkampioenskap in Namibië deelneem. Hy verower hiermee sy SAGF Federasie kleure in tuimel.

PROVINSIALE DEELNAME EN GAUTENGKLEURE

- Charl du Toit en Duan Bierman verteenwoordig die Gauteng-Wes aksiekrieketspan tydens die jaarlikse Provinsiale toernooi. Hulle span verower 'n goue medalje toe hulle Sentraal Gauteng met 40 lopies verslaan. Charl word ook gedurende die toernooi as die beste onder 16-kolwer aangewys en word opgeneem in die "All Black"-span. Charl word ook geoogmerk as die beste aksiekrieket paaltjiewagter, nie net in Gauteng nie, maar in Suid-Afrika! Hy word dus opgeneem in die Suid-Afrikaanse onder 18-aksiekrieketspan wat later in die jaar Australië toe gaan om aan 'n Internasionale Toernooi deel te neem.

- Chanté Stadler ontvang Gauteng-kleure vir Netbal
- Franco van den Berg is opgeneem in die Onder 18A-Goue Leeus-span.
- Vuyo Shongwe word in die onder 19A-Goue Leeus-span opgeneem.
- Chanté Stadler verteenwoordig die Gauteng Onder 16-netbalspan by die All Ages SA Netbaltoernooi.
- Jomariet Jonker neem deel vir die Gauteng-Wes Ruitersportspan en behaal 'n twaalfde plek en word daarmee vir die Gauteng-span, wat aan die Nasionale Kampioenskap deelneem, gekies.
- Allen Marais het op 17 Maart 2014 aan 'n tuimel kompetisie in Pretoria deelgeneem. Hy verower 'n eerste plek in vlak sewe. Dit is die eerste kwalifiserende rondte vir Gauteng kleure. Hy neem ook aan die Eldo Starts artistiese gimnastiek kompetisie.
- Die volgende seuns wat in Provinsiale Krieketspanne opgeneem: Nelson Bonoko (onder 19B), Henrico Viljoen (onder 19B), Vuyo Shongew (onder 17A) en Charl du Toit (onder 17B).

SPANPRESTASIES

- Hoërskool Randburg wen, na 'n uiters suksesvolle dag, die Voorsitters Trofee na die Linden Derby.
- Die Eerste-, Tweede en Onder 15-krieketspan onderneem 'n toer na Merensky te Tzaneen.
- Die onder 14-rugbyspan word gekroon as Super Ligawenners en gaan deur as Goue Leeus naaswenners na die semifinaal van die Beeld Groot Skole Liga.
- Die Onder 15-Skaakspan het tweede in hul liga geëindig en so deurgedring na die Johannesburg–Noord se Dirstriksfinaal. Hulle word daar as wenners aangewys en speel op Saterdag, 30 Augustus in die Gauteng finaal.
- Die eerste- en onder 15A-Krieketspanne het aan die Gauteng skole krieketweke en aan die Provinsiale kriektweek en wen die meeste van die wedstryde teen Provinsiale spanne deelgeneem.
- Die Onder 14- en Eerste rugbyspan is die wenners van die Super 10-kompetisie.

OUDLEERDERS WAT OP SPORTGEBIED PRESTEER

- Brian-Leë van Niekerk wat reeds vir die onder 21 Goue Leeus speel, is gekies om deel te word van die Libz Academy (Frankryk).
- Dwayne Marx word ook in die Libz Academy se span opgeneem.

KULTUUR

MUSIEK & KOOR

- Annique Cilliers, Jancke Mentz, Jan-Hendrik Labuschagne, Louis Coetzee en Tiaan Engelbrecht neem deel aan die St Mary's Battle of the Bands-kompetisie en dring deur na die eindrondte. Annique is aangewys as die beste klawerbordspeler van die aand en Tiaan Engelbrecht is as die beste baskitaarspeler aangewys. Die band behaal algeheel 'n derde plek.

- ’n Uiters suksesvolle Winterkonsert word op 1 Augustus 2014 in die skoolsaal gehou.
- Ses leerders van Hoërskool Randburg word gekies om tydens die Gauteng Musiekkonsert by die National School of the Arts op te tree.
- Die skoolkoor verwerf goud tydens die ATKV-Applouskompetisie.

VOORTREKKERS

- Willem Fourie word verkies tot die 2014/2015 Gebiedsjeugraad.
- Die volgende leerders ontvang Presidentsverkennerstoekennings: Marissa Pietersen, Henré van Rooy en Elmay Booysen.

UITVOERENDE KUNSTE

- Christopher van der Westhuizen dring deur na die Top 16 van die Nasionale Drama Kompetisie.
- Lauren Blight is tydens die oudisies van FADCreations uit ’n groep van 25 meisies gekies om een van die 11 vroulike hoofkarakters (Daniëlla) te vertolk en sy het in Junie na Orlando, Florida gegaan waar sy aan die AMTC Summer Shine Event deelgeneem het. Lauren (14 jaar oud) neem ook aan die Talent Africa Regionals vir sang deel en word as die algehele wenner vir alle items vir die ouderdomsgroep 15 tot 17 aangewys.
- Chantelle Gaertz kwalifiseer om in Boston, Amerika aan die ADA danskompetisie deel te neem. Sy word opgeneem in die SA-span en verwerf drie “Ultimate Gold”, sewe “Gold” en een “High Silver”-toekenning.
- Mariska van der Spuy neem aan die “ESDU World Star Master South-Africa” deel en word ook gekies vir die SA-span wat in 2015 in Kroasië deelneem.
- Drie van Hoërskool Randburg se leerders het aan die “South African Talent Championships” deelgeneem: Lauren Blight, Celia Britz en Leticia du Plessis en kwalifiseer om in 2015 aan die “Shine Actors Models” en “Talent Convention” in Orlando, Florida deel te neem.

ANDER

Hoërskool Randburg het weer hul jaarlikse Kriewelfees Kunsuitstalling gehou, waartydens al die kunsstudente van die skool se werke uitgestal is. Aan die einde van die jaar is die beste kuns- en ontwerpstudente aangewys. Die wenners was: Marisa von Maltitz, Kyle Strydom, Anya Nutt, Melissa Walters en Nicorene Stassen.

“Agent 2000”, ’n film wat by die skool geskiet is, draai in teaters vanaf 28 Maart 2014.

Die skoolkoerant *Koe’Randjie 2013*, eindig onder die Top 10 hoërskole in die land met die nasionale skoolkoerant kompetisie van Beeld in Onderwys.

Christopher van der Westhuizen vertolk ’n rol in ’n RSG Radiodrama, “Ratels”, van Leon van Nierop.

DANS

- Siska Ludick se dansgroep, "Fusion Dance For Love" verteenwoordig Suid-Afrika in Europa.
- Celia Brits neem aan die "Talent Africa Nationals" deel en word as die algehele wenner in die 12 -14 jaar ouderdomsgroep aangewys. Sy word ook gekies vir die SA-span wat in Julie-maand in New York aan die "Talent America" deelgeneem het waar sy ook as deel van die SA-span, tydens die Julie-skoolvakansie, gehore in New York vermaak. Sy word gekies om by die Gala Toekenningsvertoning op te tree en word aangewys as die algehele wenner van die kompetisie en ontvang die "Triple Treat" trofee.
- Danelle du Toit verwerf eerste drie plekke en een tweede plek by die SADF-Gauteng-Kampioenskap.

NEA EISTEDDFOD (GALA AAND):

- Céhanè de Beer (2 Item- 2 Kategoriewenner & Gaskunstenaar); Leticia du Plessis (1 Item- en 1 Kategoriewenner); Allen Marais (1 Item- en 1 Kategoriewenner); Walther Ross (1 Item-, 1 Kategoriewenner en Ambassador's Award); Elna van der Heever (1 Item- en 1 Kategoriewenner); Mariska van der Spuy (1 Item-, 1 Kategoriewenner en nommer 5 op die Top 10); Christopher van der Westhuizen (2 Item-, 2 Kategoriewenner, Gaskunstenaar, nommer 9 op die Top 10 en Ambassador's Award) en Reze-Tiana Wessels (Gaskunstenaar, nommer 4 op die Top 10, Ambassador's Award en Algehele wenner – dans).

MOOT COURT

Suzahn Kriel en Chané Hattingh dring deur na die Nasionale rondte wat plaasvind in die Hooggeregshof in Pretoria.

ATKV-REDENAARS

Celia Britz dring deur na die nasionale finale rondte te Buffelspoort.

ATKV TIENERTONEEL

Christopher van der Westhuizen ontvang 'n brons toekenning vir sy toneelspel tydens die streeksuitdunne en die stelontwerp ontvang ook 'n bronstoekenning.

JEUGORKES

Jan-Hendrik Labuschagne word opgeneem in die Johannesburg Symphonic Wind Band.

BATALA TROMMEGROEP

Die groep neem deel aan die "Johannesburg Carnival" in September waartydens duisende leerders van oral Noord van die Vaal deur die strate van Melville opgetree het.

PERSONEELAKTIWITEITE

- 'n Damestee, met gaskunstenaars.

FASILITEITE

- ’n Elektroniese telbord word op die A-rugbyveld geïnstalleer.

IN MEMORIAM

- Morné de Bruyn (matriek 2013)

HOOF SE VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Hierdie jaarblad is vol kinderfoto’s ... en só, met reg. ’n Skool is die kumulatiewe produk van mense se harte, dade, persepsies en oortuigings, sonder verlies van ’n enkele individu - elkeen wat op sy/haar unieke manier homself/haarself as mens uitleef, om ons skool se storie te skryf.

Die jaar 2014 is vol stories, soos die trots van ’n tuis Linden-Derbydag... hoe ons kinders gelyk het, opgetree het, deelgeneem het – ons ouers se betrokkenheid, die personeel se trots en passie:

’n Aand-matriekklas met boereworsrolle daarna ...

Atletiek in die reën en modder ...

Ons “Warriors” in Tzaneen ... hulle trane en hartseer met ’n onverdiende verloor ...

Ons CSV se uitreik in Soweto, die skaakspan teen Waterkloof, ons eerste landloop tuis in jare...

Ons hoofleiers, André en Jessica, se openinge by die laerskole ... Corlia, Alex en Francois wat die kleintjies van trane tot raserny gedryf het.

Individuele prestasie ...

Die matriekklasse by juffrou Grethe ... en meeste van alles: ’n vriendelike groet met ’n glimlag wat vra hoe dit gaan ...

Dankie kinders, ons ouers, ons personeel, ons Beheerliggaam, ons ondersteuners en borge ... Ons is dankbaar dat dit goed met ons skool gaan.

P BOOYSEN

BEHEERLIGGAAM VOORSITTER VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Die jaar het op ’n hoë noot begin met die bekendmaking van uitstekende matriekresultate vir 2013. Ons is baie trots op die Randjies se uitstekende resultate met 244 onderskeidings en 78% kandidate wat met matriekvrystelling slaag. Dit sluit vier leerders met nege onderskeidings in.

Hoërskool Randburg se leerders het in 2014 puik prestasies op akademiese terrein, asook sport en kultuur gelewer, met heelwat provinsiale en nasionale prestasies.

Een van die hoogtepunte vir 2014 was die jaarlikse Rugby Derby met Hoërskool Linden. Hoërskool Randburg het dit hierdie jaar tuis aangebied en dié baie suksesvolle dag is deur meer as drie duisend toeskouers bygewoon. Ons is trots op die Randjie-rugbyspelers wat seker gemaak het dat die Voorsitterstrofee in 2014 Randburg toe kom.

Dankie aan mnr. Booysen en die personeel vir hulle harde on onbaatsugtige diens wat 2014 ’n suksesvolle jaar gemaak het!

’n Spesiale woord van dank aan ons ouers vir die ondersteuning. Sonder julle ondersteuning kan ons nie ’n skool suksesvol bestuur nie.

Die hart van ons skool bly egter ons leerders wat ons skool dra met hulle entoesiasme, energie en gee. Julle is elkeen uit eie reg ’n ster.

As ons terugkyk na hierdie besige jaar, is dit met groot dankbaarheid aan ons Hemelse Vader.

Geseënde Kersfees en voorspoedige 2015 vir elkeen van julle!

Randjiegroete.

M MEYER